http://lexikos.journals.ac.za
doi: 10.5788/21-1-58

# 'n Woord van AFRILEX

Dr. J.C.M.D. du Plessis het ons in die Voorwoord van verlede jaar se uitgawe van *Lexikos* meegedeel dat daardie volume die laaste een sou wees waarvoor hy as redakteur van ons tydskrif sou optree. Hy het aangekondig dat die redakteurskap in die toekoms op 'n roterende basis deur proff. Elsabé Taljard, Danie Prinsloo en Rufus Gouws behartig sal word. Ons verwelkom hulle, en veral vir Elsabé, wat bereid was om eerste aan die beurt te wees. Elsabé neem oor op 'n tydstip waarin *Lexikos* maksimaal funksioneer, en soos in die geval van 'n 4 x 100-afloswedloop, is hierdie taak ewe afhanklik van bekwaamheid as spoed. Johan, wat *Lexikos* vir nie minder nie as veertien uit die vorige twintig jaar geredigeer het, het van krag tot krag gegaan met elke nuwe uitgawe. Met volume 20 het ons uitmuntende redakteur 'n puik ampstermyn op 'n skitterende wyse afgesluit. Met 800 bladsye het Johan se finale uitgawe gegroei tot meer as net 'n nommer van 'n tydskrif om sodoende sy plek te verseker op die rakke vir die mees gewaardeerde boeke in 'n biblioteek, waar dit nou sy aan sy staan met die gewigtigste woordeboeke — heel gepas vir ons vakrigting.

Dít wat die kwantitatiewe prestasies betref. Kwalitatief was die opgang selfs meer indrukwekkend. *Lexikos* het in 2008 aangesluit by die wêreld se top linguistiektydskrifte, toe dit 56ste geplaas is uit 68 tydskrifte in die kategorie vir Linguistiek. Indien hierdie kategorie in vier kwartiele verdeel word, het *Lexikos* gemaklik tot die lys toegetree in die laaste (vierde) kwartiel. In 2009 het *Lexikos* se impakfaktor meer as verdubbel, van 0.300 (in 2008) tot 0.667 (in 2009), en was dit toe 49ste uit 92 tydskrifte, wat die tydskrif in die derde kwartiel geplaas het. Met verlede jaar se uitgawe het *Lexikos* hierdie uitstekende plasing behou, met 'n impakfaktor van 0.607 wat toegeken is. Interessant genoeg, in 'n lys tydskrifte in die kategorie vir Linguistiek, wat nou baie langer is en waar *Lexikos* tans 66ste geplaas is uit 141 tydskrifte, het ons tydskrif weer verbeter, aangesien *Lexikos* die tweede kwartiel in 2010 betree het — net een kwartiel weg van die toppunt.


In die *Journal Citation Reports* van Thomson Reuters kan bogenoemde grafies gesien word met 'n sogenaamde 'Box Plot' of houerstipping, soos aangedui op die volgende bladsy. Die horisontale lyn wat die houer sny, is die mediaanimpakfaktor vir die kategorie Linguistiek (A).[1] Hierdie mediaan is 0.562 vir 2010; dit wil sê met 'n impakfaktor van 0.607 vir *Lexikos* in 2010 het *Lexikos* inderdaad die tweede kwartiel betree, m.a.w. die bestek tussen die mediaan en

1 *Lexikos* behoort tot net een kategorie, Linguistiek, wat as A aangedui word op die grafiek. Party tydskrifte behoort tot meer as een kategorie, en hulle impakfaktor word dan voorgestel op meervoudige houerstippings (A, B, ens.).

http://lexikos.journals.ac.za
doi: 10.5788/21-1-58



die horisontale lyn wat die bokant van die houer vorm.[2] Om hierdie uitstekende prestasies te konsolideer is nou die uitdaging vir die volgende drie redakteurs in ons figuurlike afloswedloop. Dit is egter vir die snelle vordering tot hier waarvoor ons die dankbaarste behoort te wees.




Ek wil graag nog meer hulde bring aan Johan. Asof dit nie genoeg is dat hy die ekwivalent van ses maande van elke jaar gewy het aan die produksie van 'n *Lexikos*-uitgawe nie, met die gepaardgaande hantering van ongeveer 1 500 e-posse jaarliks,[3] het Johan, die akademikus, ook ontwikkel in Johan, die grootmoedige. Hy het alles in sy vermoë gedoen om 'n ware kultuur van wetenskaplike verslaggewing oor leksikografie in Afrika te help vestig. Buiten die sorgvuldige leiding wat hy aan nuwelinge gegee het deur hulle te help met talle herskrywings aan hulle bydraes, het Johan ook in 2003 die "*Lexikos* encouragement prize for scholarly writing" bekendgestel. Die doel van hierdie prys was in sy eie woorde:

> Om studente in die leksikografie en jong leksikograwe aan te moedig om betekenisvolle navorsing op hul vakgebied te lewer, en standaarde van wetenskaplike skryfwerk op die gebied van die leksikografie te verhoog. Mededinging om die prys geskied dus deur middel van 'n wetenskaplike artikel.
>
> — J.C.M.D. du Plessis (2003, uit 'n insetsel ingesluit by *Lexikos* 13)

2 Die derde kwartiel is die bestek tussen die mediaan en die horisontale lyn wat die onderkant van die houer vorm, terwyl die vierde kwartiel die bestek onder die houer beslaan. Die eerste kwartiel is die bestek bo die houer.

3 Dit is 'n konserwatiewe ekstrapolering gebaseer op slegs vyf e-posse met die outeur(s) van elke manuskrip, en vier e-posse elk met die twee beoordelaars van elke manuskrip. Daar word aanvaar dat die aanvaardingskoers ongeveer die helfte is.

http://lexikos.journals.ac.za
doi: 10.5788/21-1-58



Johan het nie net gepraat nie, maar ook die prysgeld vir die wenners beskikbaar gestel.

Ten slotte kan 'n mens met vrymoedigheid verklaar dat Johan nie alleen die aansien van *Lexikos* en daarom ook van AFRILEX verhoog het met sy onvoorwaardelike toewyding aan sy taak nie, maar ook van die leksikografie as 'n akademiese vakgebied as geheel. Ons betuig ons hartlikste dank aan dr. Johan du Plessis — 'n gewaardeerde kollega en 'n goeie vriend!

Gilles-Maurice de Schryver
President: AFRILEX

http://lexikos.journals.ac.za
doi: 10.5788/21-1-58

# A Few Words from AFRILEX

In the Foreword to last year's volume of *Lexikos*, Dr. J.C.M.D. du Plessis informed us that that volume was going to be his last as Editor of our journal. He announced that the baton would henceforth be passed on to a rotating triumvirate: Proff. Elsabé Taljard, Danie Prinsloo, and Rufus Gouws. We welcome them, and especially Elsabé, who was found willing to be next in line. Elsabé takes over at a moment when *Lexikos* has reached top speed, and as in a 4 x 100 relay race, the task is just as much a skill event as it is a speed event. Johan, who had been editing *Lexikos* for no less than fourteen of the first twenty years, went from strength to strength with each new volume. With Volume 20, our Editor-par-Excellence put a magnificent capstone to an outstanding tenure. Weighing in at 800 pages, Johan's capstone simply outgrew the concept of a single journal issue, catapulting it to the most valued library shelves, where it now rubs shoulders with the heftiest of dictionaries — quite appropriate for our discipline.

So much for the quantitative achievements. Qualitatively, the rise has been even steeper. *Lexikos* joined the world's top linguistics journals in 2008, when it was ranked 56th out of just 68 journals in the Linguistics category. Dividing the Linguistics category into four quartiles, *Lexikos* had safely joined the list in the last (fourth) quartile. In 2009, the Impact Factor of *Lexikos* more than doubled, from 0.300 (in 2008) to 0.667 (in 2009), now ranking 49th out of 92 journals, and bringing the journal into the third quartile. With last year's volume, finally, *Lexikos* held onto this excellent score, being awarded an Impact Factor of 0.607. Interestingly, in a now much larger list of journals in the Linguistics category, where *Lexikos* currently ranks 66th out of 141 journals, our journal gained yet again, as *Lexikos* entered the second quartile in 2010 — only one quartile away from the absolute top.

In the Journal Citation Reports of Thomson Reuters this can be appreciated graphically with a so-called 'Box Plot', as shown on the next page. The horizontal line that intersects the box is the median Impact Factor for the Linguistics category (A).[1] That median is 0.562 for 2010, so with an Impact Factor of 0.607 for *Lexikos* in 2010, *Lexikos* indeed just entered the second quartile, that is, the range between the median and the horizontal line that forms the top of the box.[2] Consolidating this excellent track record is now the challenge for the


1 *Lexikos* belongs to just one category, Linguistics, referred to as A in the graph. Some journals belong to multiple categories, and their Impact Factor is then visualized in multiple Box Plots (A, B, etc.).

2 The third quartile is the range between the median and the horizontal line that forms the bottom of the box, while the fourth quartile is the range under the box. The first quartile is the range above the box.

http://lexikos.journals.ac.za
doi: 10.5788/21-1-58



next three editors in our metaphorical relay race. But it's for bringing us this far this fast that we need to be most grateful.




I would like to pile even more praise onto Johan. As if it was not yet enough to spend the equivalent of six months of every year on the production of a volume of *Lexikos*, handling an annual 1 500 e-mails in the process,[3] Johan-the-Academic also revealed himself as Johan-the-Generous. He went to extraordinary lengths to help create a true culture of scientific reporting on lexicography in Africa. In addition to the painstaking guidance he offered to new entrants, helping them through the numerous rewritings of their contributions, in 2003 Johan also launched the "*Lexikos* encouragement prize for scholarly writing". In his own words, the aim of this prize was:

> To encourage students in lexicography and young lexicographers to conduct significant research in their field of study, and to raise the standard of scholarly writing in the field of lexicography. Competing for the prize therefore takes the form of a scientific article.
>
> — J.C.M.D. du Plessis (2003, from a leaflet included with *Lexikos* 13)

Johan also put his money where his heart was, and further included prize money for the winners.

In conclusion, then, one can confidently state that through the unconditional devotion to his job, Johan not only raised the prestige of *Lexikos* and thus AFRILEX, but also of lexicography as an academic discipline as a whole. To Dr

3 This is a conservative extrapolation, based on just five e-mails with the author(s) of each manuscript, and four e-mails each with the two adjudicators of each manuscript. Acceptance rate is assumed to be about a half.

http://lexikos.journals.ac.za
doi: 10.5788/21-1-58



Johan du Plessis — valued colleague and dear friend — our sincerest gratitude is extended!

Gilles-Maurice de Schryver
President: AFRILEX